Die Houdenbeksrivier in die Koue Bokkeveld is steeds kurkdroog. Dele in dié gebied, wat gewoonlik 900 mm reën per jaar kry, het hierdie winter nog net 160 mm gekry. FOTO: JOHAN VAN DER MERWE

DROOGTE

OPDRAANDE STRYD WAG VIR BOERE OOR WATERBEPERKINGS

BOERE die land oor sal hulle moet gereedmaak om verlaagde besproeiingskwotas deur óf aanpassing óf tempering te bestuur.

Die Oos-, Wes- en Noord-Kaap ondervind steeds droogte en is aan waterbeperkings onderhewig. KwaZulu-Natal is ook nog nie heeltemal uit die moeilikheid nie en Umgeni-water beplan reeds om waterbeperkings vir huishoudelike gebruik met nóg 'n jaar te verleng.

Lede van die Laer-Olifantsrivier-watergebruikersvereniging staal hulle vir die volgende waterkwota-afkondiging einde September. Mnr. Johan Matthee, uitvoerende hoof van die vereniging, verwag dat boere se kwota met so min as 1 500 m^3/ha verminder kan word, teenoor verlede jaar se 6 700 m^3/ha.

Tussen Januarie en einde Junie het Clanwilliam 49,2 mm reën gemeet, teenoor 'n totale reënval van 180,4 mm verlede jaar. In Februarie, Maart en Mei was daar geen reën nie.

Mnr. Janse Rabie, hoof van natuurlike hulpbronne by Agri SA, sê boere kan die verlaagde kwotas bestuur met waterbesparende tegnologie of deur aanplantings te verminder. Dié strategieë sal egter die pryse van landbouprodukte opstoot.

DROOGTE STEEK VAS

Mnr. Sputnik Ratau, woordvoerder van die Departement van Water en Sanitasie, sê damvlakke reg oor die land is gemiddeld 70% vol. Daarteenoor was dit verlede jaar gemiddeld 52% vol.

"Hoewel daar rede vir optimisme is, is die droogte nog nie gebreek nie."

Hy sê tot dusver het die reën in winterreëngebiede nie werklike verligting gebring nie. In die Wes-Kaap is damvlakke gemiddeld 25%, teenoor 46% 'n jaar gelede.

Mnr. Johan van den Berg, klimatoloog van Santam Landbou, sê hoewel damvlakke in die Wes- en Oos-Kaap begin styg het, is dit nog baie ver van waar dit behoort te wees. Die Theewaterskloofdam moet volgens statistiek teen einde November meer as 50% vol wees om genoeg water vir die droë seisoen vanaf 1 Desember tot einde Mei te hê. Teen druktyd was dit 21,3% vol.

Waterbeperkings op die Oranje-Vaalrivierstelsel in die Noord-Kaap is laat verlede jaar opgehef nadat swaar reën in die laatsomer watervlakke herstel het.

Ratau sê die Tosca-Molopogebied is afhanklik van grondwater wat noukeurig gemonitor word. Dit bepaal ook beperkings. Volgens die *Staatskoerant* is daar einde verlede jaar 'n 20%-beperking op besproeiing in dié gebied ingestel.

RAMPGEBIEDE

Die Algoa-stelsel in die Oos-Kaap, wat hoofsaaklik die Nelson Mandela Metropolitaanse Munisipaliteit bedien, is tans 33% vol. Daar geld 'n 25%-perk op huishoudelike gebruik en 'n 60%-perk op besproeiing.

By die Makana- Plaaslike Munisipaliteit is die voorgestelde beperkings 10% op huishoudelike gebruik en 70% op besproeiing.

Die Amatola-stelsel, wat die Buffalo City-metro van water voorsien, is 63% vol, en daar is 'n 50%-beperking op besproeiing.

Ratau sê die Amathole- en Makana-distriksmunisipaliteite, saam met die Nelson Mandela Metro, is tot rampgebiede verklaar. – LISA LOTTERING en JOYLENE VAN WYK

EKONOMIE

LAER RENTE LAAT LANDBOU ASEM SKEP

'N VERLAGING in die rentekoers, al is dit hoe klein, is goeie nuus vir die landbousektor.

"Die landbou is 'n bedryf met hoë insetkoste en enige kontantvloei-inspuiting danksy die rentekoersvermindering kan die hoeveelheid benodigde krediet beperk," sê mnr. Daniel Terblanche, 'n mededirekteur van Deloitte.

Die Reserwebank het die rentekoers op 20 Julie met 25 basispunte verlaag, maar gewaarsku dat as inflasievooruitsigte versleg, hy nie sal huiwer om sy besluit om te keer nie.

Mnr. Paul Makube, senior landbou-ekonoom van FNB, sê die koersverlaging sal druk op boere en landboubesighede verlig en winsgewendheid verbeter. Ook mnr. Wandile Sihlobo, landbou-ekonoom van Agbiz, sê met die landbou se skuldvlak van meer as R140 miljard sal enige verlaging 'n bietjie asemhalingsruimte skep.

Anders as in die res van die ekonomie het landbousakelui se vertroue vanjaar verbeter en dui op moontlike uitbreiding. Sihlobo sê dit is egter danksy beter klimaatstoestande en nie faktore buite die landbou nie.

Volgens Terblanche verwag kenners nie dat rentekoersverlagings vinnig verandering in die landbou sal meebring nie.

'n Vermindering op sigself hou slegs 'n klein voordeel vir die landbou in.

Die landbou word volgens hom baie geraak deur die wisselkoers en olieprys, die land se ekonomiese groeikoers, monetêre beleidsverandering in ander groot ekonomieë, moontlike verdere kredietafgraderings, en politieke onsekerhede. Enige van dié faktore kan die rentekoers beïnvloed.

DROOGTE HET GEKNOU

Verder is die invloed van droogte nog duidelik sigbaar.

Terblanche sê volgens 'n bedryfskenner is sagtevrugtepryse tot 30% laer as verlede jaar omdat die droogte gehalte benadeel het.

"Die besparing wat rente-